Biologie SG VR2 **November 2007**

VRAAG 1

1.1 Waak teen nie-wetenskaplike terme, bv. trommelvlies i.p.v. timpaan. Kandidate kan dit moeilik vind om vrae te beantwoord met sulke terme indien hulle nie weet wat dit beteken nie. Leerders moet alle moontlike afleidings deeglik lees voordat hulle die veelkeusige vrae beantwoord. 1.1.4 is 'n voorbeeld van 'n dubbelvlak-veelkeusige vraag. Leerders moet soortgelyke vrae gegee word om die nodige vaardigheid aan te leer om so 'n vraag te beantwoord.

1.2 Biologiese terme: Oorwas in nie aanvaarbaar nie. Leerkragte moet die belangrikheid van wetenskaplike terme beklemtoon asook die spelling van die terme. Kandidate was redelik voorberei in die beantwoording van hierdie vraag.

1.3 Kolom A en Kolom B – gemiddeld beantwoord.

1.4 Hoëordevraag. Dit was 'n moeilike vraag, maar sommige sentrums het dit baie goed beantwoord. Kandidate weet nog steeds nie die verskil tussen resultate en gevolgtrekkings nie. Kandidate gee redes in plaas van resultate. Baie meer klem moet gelê word op die doel, resultaat, kontrole, eksperiment en verskille in resultate.

<u>Gee baie aandag aan die volgende wanneer praktiese werk behandel word:</u>

Doel/ Resultaat / Kontrole / Eksperiment / Gevolgtrekkings en verskille in waarnemings.

1.5 Hierdie vraag was baie swak beantwoord. Kandidate moet heelwat oefening gegee word in die beantwoording van vrae sonder sketse of diagramme.

VRAAG 2

2.1 Die gee van verduidelikings is baie belangrik. Paragraafstyl vrae benodig meer aandag om die leerders in staat te stel om die korrekte antwoorde met selfvertroue te gee.

Kandidate moet gehelp word om dele van sketse te teken in plaas van die hele skets. Hulle moet in staat wees om die sketse van die kant sowel as van voor te teken.

Om te kan teken is 'n baie belangrike vaardigheid in Biologie en Lewenswetenskappe. Kandidate kry punte vir meer as net die byskrifte. Leerkragte moet leerders voorberei vir alle moontlike sketse en diagramme.

VRAAG 3

3.1 en 3.2 Die vraag oor hormone en negatiewe terugvoer is swak beantwoord. Opvoeders moet klem lê op die uitwerking van verskillende hormone.

3.3 Leerkragte moet leerders aan soveel moontlik diagramme en sketse van gedeeltes van die sillabus blootstel. Sketse wat in eksamenvraestelle gebruik word, verskil dikwels van die leerders se handboeke. Laasgenoemde kan tot waninterpretasie lei.

VRAAG 4

4.2 Daar word van leerders verwag om berekenings te maak met sakrekenaars. Genoeg geleenthede moet aan leerders gegee word om sulke berekenings te maak.

VRAAG 5

5.1 Uitkomsgebaseerde antwoorde moet aan leerders verduidelik word aangesien leerders nie die **voordeel** van die verskil in deursnee by die Liggaampie van Malpighi kon gee nie.

5.2 Dataverwerking en verwerking vanuit tabel verg baie oefening. Verskeie gedeeltes in die sillabus lei tot sulke vrae. Leerders sal meer selfvertroue ontwikkel as leerkragte dit meer gereeld in assesseringstake kan gebruik.

SUGGESTIONS FOR ANSWERING NATIONAL SERTIFICATE PAPER

1. Think carefully before answering.
2. Never leave out an answer.
3. Look at the number of marks allocated to tell you how much to write.
4. Number exactly as on the question paper.
5. Before answering look for keywords to guide you for correct answers. Make sure candidates would know how to answer questions with the following instructions:
   Study
   Name
   Discuss
   Compare
   Explain
   Describe
   Cause and effect of different situations.

HOW TO DRAW A DIAGRAM

1. Use a pencil.
2. Use continuous lines (don't sketch)
3. Pay attention to the shape and scale (correlation) of individual/different parts of a diagram.
4. Labels below each other
5. Lines must touch the part involved.
6. Heading or caption must be given.
7. The size must be at least 10 to 12 lines.